

**Skriflesing:** 2 Konings 2: 1 – 19Teks: **2 Konings 2:11 – 12**Sing: **VOORAF SANG- Ps. 68:12**TYDENS EREDIENS - **Ps.2:1,6; Ps. 24:2,4; Ps. 25:2,6; Ps. 47:1,3****2 Konings 2: 1 – 19**

**2Ki 2:1** Die tyd het gekom dat die Here vir Elia in 'n stormwind in die hemel sou opneem. Elia en Elisa het uit Gilgal vertrek,

**2Ki 2:2** en Elia het vir Elisa gesê: "Bly hier, want die Here stuur my na Bet-El toe." Elisa se antwoord was: "So seker as die Here leef en u leef, ek sal u nie alleen laat gaan nie." Hulle is toe na Bet-El toe.

**2Ki 2:3** Die profete wat in Bet-El was, het na Elisa toe gegaan en hom gevra: "Weet jy dat die Here vandag jou leermeester van jou af gaan wegvat?" Hy het geantwoord: "Ja, ek weet. Moenie daaroor praat nie."

**2Ki 2:4** Elia sê toe vir Elisa: "Bly hier, want die Here stuur my na Jerigo toe." Maar Elisa het geantwoord: "So seker as die Here leef en u leef, ek sal u nie alleen laat gaan nie." Hulle het saam in Jerigo aangekom.

**2Ki 2:5** Die profete van Jerigo het na Elisa toe gekom en hom gevra: "Weet jy dat die Here vandag jou leermeester van jou af gaan wegvat?" Hy het geantwoord: "Ja, ek weet. Moenie daaroor praat nie."

**2Ki 2:6** Elia sê toe vir hom: "Bly hier, want die Here stuur my na die Jordaan toe." Maar Elisa het geantwoord: "So seker as die Here leef en u leef, ek sal u nie alleen laat gaan nie." Hulle twee is toe saam verder.

**2Ki 2:7** 'n Vyftigtal van die profete is agterna en het op 'n afstand gaan staan regoor die plek waar Elia langs die Jordaan gestaan het.

**2Ki 2:8** Elia het sy mantel gevat, dit opgerol en die water daarmee geslaan. Die water het na links en na regs verdeel, sodat hulle twee op droë grond daar deur is.

**2Ki 2:9** Net toe hulle deur is, sê Elia vir Elisa: "Wat wil jy hê moet ek vir jou doen voordat ek van jou af weggevat word?" Elisa het geantwoord: "Mag daar tog 'n dubbele deel van u gees op my kom!"

**2Ki 2:10** Toe sê Elia: "Dis 'n moeilike ding wat jy vra. As jy my sien wanneer ek van jou af weggevat word, mag dit dan met jou gebeur; maar as jy my nie sien nie, sal dit nie gebeur nie."

**2Ki 2:11** Terwyl hulle gesels-gesels verder gegaan het, was daar skielik 'n wa van vuur met perde van vuur wat hulle twee van mekaar geskei het, en Elia is in 'n stormwind op, die hemel in.

**2Ki 2:12** Toe Elisa dit sien, het hy uitgeroep: "My vader, my vader, u was vir Israel die strydwa met sy ruiters!" Toe Elisa nie meer vir Elia kon sien nie, het hy sy eie klere gevat en in twee stukke geskeur.

**2Ki 2:13** Hy het die mantel wat van Elia afgeval het, opgetel en weer op die wal van die Jordaan gaan staan.

**2Ki 2:14** Hy het met hierdie mantel wat van Elia afgeval het, op die water geslaan en gesê: "Waar is die Here die God van Elia? Waar is Hy?" Toe Elisa die water slaan, het dit na links en na regs verdeel sodat hy kon deurgaen.

**2Ki 2:15** Toe die profete van Jerigo wat 'n entjie daarvandaan gestaan het, hom sien, het hulle gesê: "Die gees van Elia rus nou op Elisa." Hulle het hom tegemoet geloop en voor hom gebuig.

**2Ki 2:16** Hulle sê toe vir hom: "Daar is vyftig dapper manne onder ons; laat hulle tog u leermeester gaan soek: dalk het die Gees van die Here hom opgelig en êrens op 'n berg of in 'n vallei neergelaat." Elisa het geantwoord: "Moet hulle nie stuur nie."

**2Ki 2:17** Maar hulle het by hom bly aandring totdat hy nie meer kon weier nie, en toe sê hy: "Stuur hulle dan maar." Hulle het vyftig man gestuur, maar hoewel hulle drie dae lank gesoek het, kon hulle Elia nie kry nie.

**Skriflesing:** 2 Konings 2: 1 – 19Teks: **2 Konings 2:11 – 12**Sing: **VOORAF SANG- Ps. 68:12**TYDENS EREDIENS - **Ps.2:1,6; Ps. 24:2,4; Ps. 25:2,6; Ps. 47:1,3**

Geliefdes in ons Here Jesus Christus, wanneer ons hierdie komende Donderdag die hemelvaart van ons Here Jesus Christus vier, dan het ons belydenis in die Heidelbergse Kategismus 'n aangrypende manier om die hemelvaart nader aan ons te bring. Die hemelvaart word nooit as iets negatief beskou, iets wat ons Here nou van ons laat weggaan het en ons nou maar dit net moet aanvaar nie. Nee, die hemelvaart kan gesien word as iets

van groot waarde, ja vra die Kategismus in Sondag 18 (V/A 49) - **Watter nut het die hemelvaart van Christus vir ons?** Hoor dan hierdie baie positiewe antwoord, aangrypend word voordeel na voordeel vir ons uitgespel ...

Die hemelvaart was wel baie ingrypend in wat gebeur het maar dit moet ons ook aangryp in wat die betekenis tot op hierdie dag van vandag vir ons is... ook as ons die Here se hemelvaart Donderdag mag herdenk- Hoor al die voordele na aanleiding van die hemelvaart - *Ten eerste dat Hy (Jesus) in die hemel ons Voorspraak by die Vader is. Ten tweede dat ons ons menslike natuur in die hemel as 'n betroubare waarborg het dat Hy, as die Hoof; ook ons, sy lede, na Hom toe sal neem. Ten derde dat Hy sy Gees as waarborg na ons toe stuur deur wie se krag ons soek na wat daar bo is, waar Christus is en aan die regterhand van God sit, en nie na wat op die aarde is nie.*

In alles is dit goed dat Jesus na die hemel opgevaar het. Hoe mooi stel die begin van ons belydenis dit in Sondag 18 V/A 46 - *Christus is voor die oë van sy dissipels van die aarde af na die hemel opgeneem en Hy is vir ons daar ten goede totdat Hy terugkom om reg te spreek oor die lewendes en die wat alreeds gesterf het.* Dit gaan om wat waarlik goed is, uitdruklik staan dit in die woorde Jesus is vir ons in die hemel ten goede ...

\*\*\*

Wanneer ons al hierdie dinge hoor en ons mag dit ook weer bely, geliefdes, dan het ons vanoggend uit die Ou Testament ook van iemand se hemelvaart gelees, waarmee ons nou al geruime tyd mee besig is. Hierdie is vandag die 8ste preek wat na Elia terugkeer en kon ons besondere gebeure, woorde, wonders met wat rondom Elia gebeur het na vore bring. Dink maar net vlugtig aan al die wonders wat Elia kon verrig en wat rondom sy persoon ter sprake kan kom. Hy wat kon bid vir droogte... Hy wat meel en olie meer kon laat word... hy wat die weduwe se seun uit die dood kon opwek ... hy wat vuur uit die hemel op 'n nat altaar kon afbid wat die hele offer, altaar en water kon verteer ... hy wat weer kon bid dat die reën mag terugkeer ... (en dan twee wonders wat ons in die reeks nie eers by gekom het nie) ... op die woord van Elia het vuur 51 soldate verswelg (2 Kon.1:10) en die wonder herhaal hom weer. In 2 Kon 1 vers 12 het daar weer 'n vuur gekom en nog weer 'n tweede groep van 51 soldate verswelg. En die laaste wonder rondom Elia het ons wel vandag van gelees – Dit wat deur daardie besondere mantel van Elia kon gebeur ... 2 Konings 2:8 - *8 Elia het sy mantel gevat, dit opgerol en die water daarmee geslaan. Die water het na links en na regs verdeel, sodat hulle twee op droë grond daar deur is.*

Dit is 8 verskillende wonders, in baie opsigte baie uiteenlopend ... dan word daar met droogte gewerk, dan kom vuur en water bymekaar, dan weer vuur apart, dan weer water apart en alles hou verband met reën, want as daar nie reën was nie, sou daar ook nie hierdie water kon wees nie. Die laaste wonder is water wat na regs en links verdeel, Elia en Elia stap op droë grond deur die Jordaan. Opmerklik dat die groot saak wat ons vandag dan kon hoor, tog nie direk as wonderwerk gesien word nie, maar dit wat ingrypend is, ja ook aangrypend. Elia wat in die hemel opgeneem word, is meer as net 'n wonderwerk. Dit dra blywende betekenis soos wat Jesus se hemelvaart ook altyd blywend is, ook altyd vir ons groot van betekenis sal wees.

Daarom dat as ons in ons teksverse lees, Elia is met 'n strydwa en perde die hemel opgeneem of soos ons gelees het met 'n *wa van vuur en met perde van vuur* ... En ons dink veral aan Elisa se reaksie direk op hierdie gebeure dan sien hy 'n baie diep simboliese betekenis agter die strydwa, maar daar sit vir Elisa ook baie diep simboliek agter die vuur. Hoor mooi hoe stel Elisa dit - *My vader, my vader, u was vir Israel die strydwa met sy ruiters!*" Die 2020 Vert stel dit- *My vader, my vader, strydwa van Israel en sy perde!*" Die ou Vertaling bring baie direk vir Elia na vore - *My vader, my vader, wa van Israel en sy ruiters!* Elisa verpersoonlik die wa en hy verpersoonlik ook die vuur. Elia word self iets van die wa en iets van die perde self.

Ons moet die belangrike in hierdie naderende hemelvaart nie mis nie, dit juis toe dit die tyd was vir Elia se hemelvaart. In figuurlike sin verwys die wa spesifiek na God se Woord. Terwyl die perde dui op die dogma, op die leerstellinge wat as't ware uit hierdie wa na vore kom. Om na God se Woord as 'n wa te verwys is beslis nie vreemd nie, is ook nie net hier van toepassing nie. Op ander plekke in die Ou Testament word die wa-metafoer ook treffend gebruik. In Esegïël 10 was die wa 'n wa wat voor die deur staan en daar is baie wiele, wiele binne wiele, alles simbool van God se heilige troon maar ook sy heilige woede, sy heilige toorn. Hierdie wa is inderdaad 'n koningskoets wat wag dat God moet opklim. Dis 'n profesie van onheil want hierdie wa word simbool van God gaan uit sy tempel vertrek, God gaan sy volk verlaat. Die wa staan al voor die deur. In Esegïël is die gerubs voor die wa ook soos vurige perde. Alles word simbool van God wat hierdie kerk gaan verlaat, hierdie tempel gaan verlaat. As God nie meer daar wil wees by 'n kerk wat so lyk nie, hoe 'n verskriklike kerk sal dit dan nie wees as God nie meer daar wil wees nie. Die wa staan voor die deur.

In Amos 2 vers 13 nog weer 'n treffende beeld van 'n wa. *13 Kyk, Ek laat dit onder julle kraak, soos 'n wa kraak wat vol gerwe is ...* Hier is iets van die teenoorgestelde as by Esegïël. Esegïël is dit verskriklik die gedagte dat die wa gaan vertrek, die wa met die Koning daarbo wil nie langer vertoef nie.

By Amos is dit weer 'n bewegende wa wat tot stilstand gedwing word. Ons lees die 2020 Vertaling- *13 Kyk, Ek bring julle tot stilstand waar julle is; net soos 'n wa oorvol van gesnyde graan tot stilstand kom.* Die toepassing is eweneens weer baie duidelik. As die wa te vol word van dit waarmee die waens in die land nie meer gelaai mag word nie, die land kraak onder die sondes van die mense; die wa is as't ware oorvol, dan bring God 'n land tot stilstand. Jy word tot stilstand gebring daar waar jy is, is hoe die skaapboer uit Tekoa die wa beskryf.

Dit kraak onder ons ... Eskom is in ons tyd iets van hierdie wa ... Baie dinge wat besig is om onder ons te kraak. Laat ons eerder ophou om te vra waarom dit gebeur. Laat ons besef dis so nodig dat daar bekering moet kom, daar werklik van die oorlopens vol sonde belaaide waens in ons lewe ontslae geraak word, wat besig is om tot stilstand te knars. Keer terug na die wa van God, die wa waarop Elia kon ry, die wa waarom dit werklik gaan nl. God se Woord. Hiermee kon Elia die hemele inry. Die wa getrek deur vurige perde, wat die perde die leerstellinge wat God ons wil leer na vore bring, dis alleen met die gesonde leer wat ons moet ken, dit waarmee ons ons kinders ook mee moet leer en toerus, alleen met so 'n wa kan daar vorentoe gegaan word.

Sowel Elia as Elisa was verteenwoordigers wat deur die Here geroep was om die Woord van die Here te verkondig. Elisa het moes kom word wat Josua vroeër vir Moses was. Dit was die rede van hulle hele bestaan. Ook die een moet die ander kan opvolg. God wat sorg dat daar altyd nog weer profete sal wees, dienaars wat die werk wat die een reeds gedoen het, weer moet voortsit. Dwarsdeur die kerke se geskiedenis was dit nog só. Nou die afskeid.

Elisa kry nou maar eenmaal nie aanvaar dat Elia gaan weggaan nie. Opmerklik ook die profete - studente se rol in wat hier aan die gang was. Die profete wat elke keer in Elisa se oor kom fluister of hy werklik op hoogte is dat Elia wel gaan weggaan. Hierdie jongmense speel eintlik 'n interessante rol. By Bet-El, by Jerigo elk het hulle profete skole gehad al is

die dorpe minder as 30 km uitmekaar. Dit wil voorkom of Samuel nog die stigter van hierdie skole was. Wonderlik dat dit al die jare nog so kon bly voortbestaan.

Elisa is wel heeltemal op hoogte, maar die afskeid is swaar. Elke keer is Elisa met groot woorde besig as Elia hom vra dat die afskeid tog nou maar kan plaasvind. Elisa bring die Here se lewe en die profeet se lewe in een lyn en in die waarheid van albei wat lewe, wil hy vir Elia nie alleen laat nie. Toe die twee selfs 'n derde plek aandoen, nou is hulle teenaan die Jordaan, die rivier wat al die getuie was van groot heilsgebeure. Soos berge van heilsgebeure moes kon getuig, Horeb, Sion, ja die latere Golgota, so het die Jordaan groot betekenis in dinge wat met Israel gebeur het. Dis ook duidelik dat Elia bewus was die tyd vir hom op aarde word nou regtig min.

Dan begin die mantel van Elia 'n merkwaardige rol te speel. By die Jordaan rol Elia sy mantel op sodat dit half soos 'n staf gebruik kan word en in aansluiting by hoe Moses met sy mantel die see in van sy baie waters kon stuit, het ons nou die rivier wat vir oomblikke sy vloei staak. Die natuur buig voor God, dit kan nie anders nie. Dis net die mense wat dit dikwels so moeilik vind om voor dieselfde God te buig. Deur die rivier is dit asof Elia besef nou is die tyd. Hy vra Elisa reguit of hy nog iets vir hom kan doen voor hy weggaan. En dan kom die verrassende. Dit lyk na 'n versoek wat Elia eintlik self nie heeltemal verwag het nie. As Elisa dalk maar eerder gevra het dat Elia sy mantel vir hom moet gee, of sy seëninge, of dat Elia in die ruimte waar hy nou gaan inbeweeg, vir hom moet bid, dan was dit alles vir Elia makliker. Elia erken self dit wat Elisa nou van hom vra is hard en nie vanselfsprekend nie. *“Mag daar tog 'n dubbele deel van u gees op my kom!”*

In die antwoord wat Elia vir Elisa mee antwoord is dit 'n erkenning dat wat Elisa vra is nie wat een mens aan 'n ander kan gee nie. Elisa vra eintlik dit wat God alleen kan doen. Iemand kan nie sy gees vir iemand anders gee nie, soos wat 'n besitting of 'n eiendom eenvoudig uitgedeel kan word nie. Tog sluit Elia dit ook nie uit dat as God dit wil, dit wel moontlik kan wees. Alles is in die Here se hande. En dan bedoel ons werklik alles.

Die res van die gebeure wat ons enkele dae voor die viering van Christus se hemelvaart aanskou laat op baie plekke merkers wat ons nie anders kan as om Christus hier raak te sien nie. Christus het ook duidelike voorbereidings begin tref voor Hy sou wegvaar. Ná sy opstanding het Hy nog 40 dae hier op aarde gebly in wat die mense op voorberei moes word.

Hy verskyn ten minste 10X op onverwagse plekke en tye want nou is Hy die verheerlikte Christus en so moet Hy gesien en gedien word. Ons kan ook nie anders as om nog ander merkers raak te sien in wat Christus later sou doen nie. Daar is profete-seuns naby Elia en Elisa, daardie tyd se teologiese studente mag ons hulle noem. Jesus het ook naby volgelinge gehad, wat Hy aanvanklik sy dissipels gemaak het. Hulle wat apostels moes word. Hulle moes in besonder voorberei word wat om te doen as Jesus van hulle sou weggaan. Elisa sou ook al duideliker moes weet wat van hom verwag word nou dat Elia van hom sou weggaan.

Dan val dit wel op Elisa verlang eerstens na die gees, die werklike gees wat in Elia gewerk het, moet net so in hom kan werk, selfs dubbel soveel. En dan kom die stormwind, ja Israel is bekend vir sy skielike sandstorms in hierdie woestynagtige land. Ook het God dikwels die beeld van 'n vernietigende sandstorm gebruik as God sy volk sou straf. Jeremia skryf in hfst. 30:23 dat God tref die goddelose soos 'n vernietigende sandstorm. Ook lees ons in Hosea, in Amos in Sagaria dat God verwyder mense met 'n sandstorm. Maar nou dien die storm wat ook Elisa in die storm sou kom 'n heel ander doel, 'n heilige doel. Soos die wolk by Jesus skeiding gebring het tussen Jesus en sy dissipels is hier nie nou 'n wolk nie, maar die stormwind is wat skeiding bring tussen Elia en Elisa.

En Elisa se uitroep gryp dan direk terug wat ons vandag maar net weer kan onderstreep en vir ons tot baie groot troos moet wees. *“My vader, my vader, strydwa van Israel en sy perde!”* In wat Elisa hier sê is dit eintlik 'n groot erkenning in wat Elia vir Hom beteken het. Elia was vir Elisa die toonbeeld van die profeet wat die woord van God reg kon sny. Elia was die man wat gesorg het dat hulle koers kon hou, alleen aan die hand van God se Woord. Tog die perde staan nie los van die wa nie. Strydwa van Israel *en sy perde* roep Elisa dit uit. Die Woord het gevolge, die Woord gaan gepaard met die gesonde leer. Elia was die man van die woord en van die gesonde leer, is eintlik in wat Elisa se woorde lê ... *My vader, my vader, strydwa van Israel en sy perde!”*

Elisa het gedink as Elia weg is dan is die strydwa en perde van Israel ook weg. Dan is die man wat aan Israel leiding kon bied, hy wat met die Woord van God insig kon bied, hy wat Elisa gedink het, is die een wat Israel weer na die Here kon terugbring, hulle aan die Here gehoorsaam maak. Hoe weerloos sou Israel sonder Hom wees. In so baie opsigte wou Elisa nie vir Elia laat gaan nie. Hoe het hy by herhaling gesê *“So waar as die HERE leef, en u leef, ek sal u nie verlaat nie!”*. By Bet-El, by Jerigo, teen die walle van die Jordaan wou hy nie

laat los nie, wou hy Elia probeer vashou in wat sy aardse denke hom mee geknel het. Al het hy eintlik besef die groter realiteit is op pad. Elia gaan weggaan.

Dit is baie in lyn met wat ons gedagtes Donderdag by die viering van die hemelvaart ook moet wees. Om Jesus in sy aardse liggaam, sy fisiese mens-wees bestaan hier op aarde te probeer vashou sou sekerlik baie se verlange wees, maar dat Hy moes opvaar, is onafwendbaar. Elisa sou oor Elia voel as Elia weg is, dan is ons weerloos, dan is ons beskermer weg, ja hoe sou Elisa dalk kon voel, met Elia weg is God ook weg.

Ons reaksie in wanneer ons die hemelvaart van die Here vier, moet juis anders wees as wat Elisa se reaksie was. Elisa skeur sy klere, ja hy is hartseer, om klere te skeur is 'n diepe openbaring van rou. Wanneer die Jood in sulke tye sy klere skeur, hy skeur dit in twee, dan is dit simbolies van hoe my binneste oopgeskeur is. Daar is onsekerheid, daar is hartseer. Elisa het in alles die oomblik probeer vermy dat die skeiding nie moet plaasvind nie. Hy het die alleenheid gevrees as Elia nie meer daar is nie. Ja, sou Elisa ook seker hier diep binnekant hom wonder sal hy die skoene kan volstaan om in die Naam van die Here ook te word *die strydwa van Israel en sy perde*.

Dit wat u en ek ook in die sin vir die Here moet wees, sy strydwa, sy perd. Is jy dit werklik vir Hom. Die Here verwag dit van jou. Hoe aarselend, hou onseker, hoe verskeurd is ons dikwels in wat ons eintlik weet die Here van ons verwag. Ons hoef by hemelvaart geen onsekerheid, geen alleenheid te ervaar nie. Kom ons vat dit eenvoudig saam hoe vol is Jesus se hemelvaart in betekenis vir jou en my. Niemand kan dit beter as die Kategismus stel nie. **Wat Jesus se Godheid majesteit, genade en Gees betref, gaan Hy nooit van ons af weg nie.** Ons mag daar byvoeg, weereens dit wat die Kategismus ons mee voorgaan- **Die godheid kan immers deur niks ingeperk word nie en is oral teenwoordig.** En ons besef Donderdag 10 dae later dan is dit Pinksterdag... Daardie besondere Sondag wat die Heilige Gees oor die hele aarde uitgestort was. As Elisa vir Elia vra dat 'n dubbele deel van sy gees op hom mag kom, dan is die Pinkstergebeure vir ons ook net weer nog soveel groter. God het die Heilige Gees ten volle hier op aarde uitgestort. Alleen in die Gees kan jy ook vir God wees, sy strydwa, sy perd... ja, is jy dit werklik. Dit word 'n gewetensvraag wat ons onself nie van kan losmaak nie.

AMEN